momentum

# Herbeleggingsopdragvorm
## (Aftreeannuïteit/Bewaringsfonds)

Polis-/Kontraknommer

**Belangrik**

1. Hierdie vorm moet onderteken word deur die fondslid en mede-onderteken word deur die gade indien u binne gemeenskap van goedere getroud is op of na 01/11/1984.
2. Heg ’n duidelike afskrif aan van die identiteitsdokument (RSA identiteitsdokument, beide kante van die slim ID-kaart/bestuurslisensie of paspoort) van die fondslid.
3. Heg bewys van bankbesonderhede aan (’n bankstaat, nie ouer as drie maande nie).
4. Ons beveel sterk aan dat u ’n belastingnommer by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) verkry as u nie alreeds het nie.
5. U mag nie enige deel van dié vorm of die bepalings verander nie. As u enige inligting wat u ingevul het regstel, teken langsaan.
6. Op grond van die inligting wat u verstrek, kan ons vir bykomende inligting en dokumente vra.
7. As ons enige deel van dié opdrag nie kan uitvoer nie, sal ons u of u finansiële adviseur laat weet.
8. Hierdie vorm is net drie maande geldig na die datum van ondertekening.

### Kontakpersoon vir vereistes

As ons nie hierdie persoon kan bereik nie, of as hierdie afdeling nie ingevul is nie, sal ons die fondslid kontak.

Naam en van

Kontaknommer | Ander

E-posadres

## 1: Besonderhede van fondslid

### 1.1. Persoonlike besonderhede

Van

Titel | Noemnaam

Volle name (Soos aangedui op RSA identiteitsdokument/paspoort/bestuurslisensie)

Identiteits-/Paspoortnommer

Uitreikingsdatum van paspoort D D M M J J J J | Vervaldatum van paspoort D D M M J J J J

Land van uitreiking

Nasionaliteit Z A (ZA indien Suid-Afrika) | Geboorteland Z A (ZA indien Suid-Afrika)

Burgerskap Z A (ZA indien Suid-Afrika) | As u dubbele burgerskap het, gee die ander land se kode

Geboortedatum D D M M J J J J | Geslag Manlik | Vroulik

Fisieke adres
- Eenheidnommer | Kompleks
- Straatnommer | Straatnaam/Plaas
- Voorstad/Distrik
- Stad/Dorp
- Poskode | Landkode Z A (ZA indien Suid-Afrika)

Selfoonnommer + 2 7 (0) | Ander + 2 7 (0)

E-posadres

Taalvoorkeur Engels | Afrikaans

Ons sal per e-pos kommunikeer. Verkies u om kommunikasie eerder per pos te ontvang? Ja | Nee

Polis-/Kontraknommer

Indien “ja” en u posadres verskil van die fisieke adres hierbo, benodig ons u posadres.

Posadres

Stad/Dorp

Poskode

Landkode Z A (ZA indien Suid-Afrika

## 1.2. Inkomstebelastingbesonderhede

Is u ’n geregistreerde belastingbetaler by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)? Ja Nee

Indien “ja”, gee u SAID-belastingnommer

Indien “nee” verskaf die rede

As u tans is, of voorheen in ander lande vir belasting geregistreer was, gee dié besonderhede hieronder.

| Belastingverblyf (landkode) | Belastingidentifikasienommer (TIN) |
| --- | --- |
| | |
| | |

## 1.3. Aard van besigheid

Wat is die aard van u besigheid wat die geld verskaf wat u gebruik om uself daagliks te onderhou? U kan meer as een bron van inkomste of welvaart hê. Ons behou die reg voor om ’n bewys van die bron van u welvaart te vra, indien nodig.

| | | |
| --- | --- | --- |
| Werknemer/Eie onderneming | Aard van besigheid | |
| Ander | Spesifiseer | |

## 1.4. Bron van geld vir belegging

Die bron van die geld wat die transaksie of belegging befonds sal nie altyd ooreenstem met die bron van inkomste nie (bv. ’n werker kan sy/haar eiendom verkoop en die kapitaalwins belê).

| | | |
| --- | --- | --- |
| Salaris/Vergoeding | Naam van werkgewer | |
| Besigheidstransaksie | Aard van besigheidstransaksie | |
| Belegging/Spaar/Dividende | Bron van kapitaal/spaargeld | |
| | Naam van beleggingsmaatskappy | |
| | Rekening-/kontraknommer wat aandui waar die geld gehou word | |
| Erflating | Naam van bestorwe boedel en die verhouding tussen die partye | |
| Wins | Bv. Lotto, dobbelhuis of kompetisie se naam | |
| Ander* | Spesifiseer | |

*Bv. verkoop van voertuig, verkoop van eiendom, bonus van werkgewer, dividende ontvang, geskenk, skenking, terugbetaling van ’n derdepartylening.

## 1.5. Invloedryke persone

Die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum (Fica) vereis dat ons weet of u ’n invloedryke persoon is soos wat die wet beskryf. Dit onderskei tussen ’n polities blootgestelde persoon, ’n plaaslike prominente invloedryke persoon, ’n buitelandse prominente openbare amptenaar en ’n bekende medewerkende vennoot of familie van plaaslike prominente invloedryke persone en buitelandse openbare amptenaars. Meer as een van die definisies kan op dieselfde persoon van toepassing wees. Lees die verduidelikings hieronder en dui aan watter verduideliking op u van toepassing is en gee die rede.

- Polities blootgestelde persoon
- Plaaslike prominente invloedryke persoon
- Buitelandse prominente openbare amptenaar
- Bekende geassosieerde/medewerkende vennoot
- Familielid

Polis-/Kontraknommer | | | | | | | | | | |

### Definisies van invloedryke persone

- **'n Polities blootgestelde persoon** is iemand wat toevertrou is of was met prominente openbare funksies, gebaseer op 'n spesifieke politieke affiliasie.
  **Voorbeelde:** 'n Staatshoof, kabinetsminister, 'n lid van die parlement/plaaslike/provinsiale regering, 'n senior administrateur in 'n staatsdepartement (finansiële departement/tenderprosesse), 'n senior regter, bestuurder van 'n plaaslike munisipaliteit wat tenders toeken, 'n senior en/of invloedryke amptenaar, ambassadeur/hoë kommissaris, 'n senior verteenwoordiger van 'n godsdienstige organisasie.
- **'n Prominente invloedryke persoon** verwys na enige individu wat huidiglik of in die verlede toevertrou was met prominente funksies in 'n bepaalde land. 'n Suid-Afrikaanse PIP sal bekend staan as 'n binnelandse PIP. 'n Buitelandse Prominente Openbare Amptenaar (BPOA) sal iemand wees wat 'n prominente openbare amptelike posisie beklee in 'n ander land.
  **Voorbeelde:** 'n Premier van 'n provinsie, lid van 'n ander land se koninklike familie, staatsminister of ekwivalente senior politikus, leier van 'n politieke party, 'n militêre lid met 'n hoë posisie/polisie, ens.
- **'n Bekende geassosieerde/medewerkende vennoot** is 'n individu wat in noue verband staan tot 'n prominente persoon, hetsy sosiaal of professioneel. Die term "geassosieerde/medewerkende vennoot" is nie bedoel om elke persoon wat met 'n prominente persoon geassosieer is, te identifiseer nie.
- **Voorbeelde:** 'n Bekende verhouding buite die gesinseenheid (bv. vriendinne, kêrels, minnaresse), 'n prominente lid van dieselfde politieke party, burgerlike organisasie, arbeiders- of werkersunie as die prominente persoon, 'n sakevennoot of geassosieerde, veral dié wat (voordelige) eienaarskap van korporatiewe voertuie met die prominente persoon deel, of wat andersins verbind is (bv. deur gesamentlike lidmaatskap van 'n maatskappyraad), enige individu wat uitsluitlike voordelige eienaarskap het van 'n korporatiewe voertuig wat opgestel word vir die werklike voordeel van die voornemende persoon.
- **'n Familielid** is 'n individu wat verwant is aan 'n PBP/PIP persoon, óf direk (bloedverwantskap) of deur 'n huwelik of soortgelyke (siviele) vennootskapsvorme.
  **Voorbeelde:** 'n Eggenoot of burgerlike/lewensmaat, vorige eggenoot of burgerlike/lewensmaat, kinders en stiefkinders en hul eggenote of burgerlike/lewensmaats, ouers, broers en susters en stiefbroers en susters en hul eggenote of burgerlike/lewensmaats.

## 1.6. Bykomende bydraes

As u enige ekstra bydraes tot 'n aftreefonds gemaak het waarvoor u geen belastingverligting ontvang het nie, benodig ons die volgende inligting:

Het u enige ekstra bydraes tot aftreefondse gemaak waarvoor u IT34-bevestigings van die SAID het? Ons het afskrifte van die SAID-dokumente wat dié ekstra bydraes bevestig, nodig. Ja ☐ Nee ☐

Indien "ja", gee die inligting hieronder:

Die ekstra bydrae wat u voor 1 Maart 2016 aan 'n voorsorgfonds gemaak het. R

Die ekstra bydraes wat u aan alle aftreefondse gemaak het, uitsluitend die bogenoemde voorsorgfondsbydrae. R

# 2: Voortsettingsopdrag

Voortsettingsdatum D D M M J J J J ('n toekomstige datum)

Die voortsettingsdatum is die uitkeerdatum, maar mag skuif na die datum van ontvangs van die volle vereistes, indien later. Die volle opbrengs sal voortgesit word.

Voortsettingsdatum J J jaar en M M maande

## 2.1. Voortsettingsopsies

Kies en vul asseblief die toepaslike inligting in:

Voortsetting **sonder** verdere bydraes ☐

Voortsetting **met** verdere bydraes ☐

Herhalende bydrae R Onderhewig aan die toepaslike minimum.

Betaaldatum van eerste bydrae D D M M J J J J

Bydraefrekwensie Maandeliks ☐ Kwartaalliks ☐ Halfjaarliks ☐ Jaarliks ☐

Bydraegroei __ , __ % of VPI* ☐ Datum van eerste bydraeverhoging M M J J J J

*Verbruikersprysindeks (VPI) word toegepas met 'n vertraging van vyf maande en is beperk tot 'n minimum van 2,5% en 'n maksimum van 20%.

**Rekeningbesonderhede (vir die betaling van bydraes)**

Vul asseblief 'n aparte *Debietordervorm* (SERVICE 001) in as die rekeninghouer van die fondslid verskil.

Rekeninghouer se naam

Rekeningnommer

Naam van bank Taknaam

Takkode Soort rekening Lopende/Tjek ☐ Spaar ☐ Transmissie ☐

| Polis-/Kontraknommer | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

## 2.2. Beleggingsbesonderhede

**Belangrik**

Fondsbeskikbaarheid is onderworpe aan die kapasiteit of beperkings wat die batebestuurder oplê. Huidige Investo fondslyste is beskikbaar op die Momentum-webblad by momentum.co.za. Voltooi asseblief die volle en korrekte name van die fondse wat u kies.

### 2.2.1. Vir die voortsettingsbedrag

| Fondsnaam | Fondsklas | % | | Randwaarde |
|---|---|---|---|---|
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |

### 2.2.2. Vir die herhalende bydrae

Wil u hê ons moet die fondskeuse in 2.2.1 ook vir u toekomstige herhalende bydraes gebruik? Ja ☐ Nee ☐

Indien “nee”, vul asseblief u fondskeuse vir u toekomstige herhalende bydraes in.

| Fondsnaam | Fondsklas | % | | Randwaarde |
|---|---|---|---|---|
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |
| | | % | of | R |

# 3: Finansiële adviseur se fooie, besonderhede en verklaring

### Vir alle kontrakte wat voor Januarie 2009 begin het

**Herhalende bydrae – totale kommissie beperk tot 5% van elke bydrae**

**Verkoopsfooi**

Kommissie – as % van herhalende bydrae (maksimum is 100%) betaalbaar as

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vooruitkommissie | | % | (0% - 50%) |
| Soos-en-wanneer kommissie | | % | (0% - 100%) |
| Totaal | 1 0 0 | % | |
| Deurlopende fooi – as % van die fondswaarde, per jaar | | % | (0% - 1%) |

### Vir alle kontrakte wat ná January 2009 begin het

**Voortsettingsbedrag (bewaringsfonds alleenlik)**

**Verkoopsfooi**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aanvangsadviesfooi/Kommissie | | % | (0% - 3%) |
| Deurlopende adviesfooi/Kommissie | | % | (0% - 1%) |

**Herhalende bydrae – totale kommissie beperk tot 5% van elke bydrae**

**Verkoopsfooi**

Kommissie – as % van herhalende bydrae (maksimum is 5%) betaalbaar as

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorskotkommissie | | % | (0% - 2.5% van elke bydrae, verdiskonteer) |
| Soos-en-wanneer-kommissie | | % | (die balans van die 5% maksimum) |
| Deurlopende fooi – as % van die fondswaarde, per jaar | | % | (0% - 1%) |

| Polis-/Kontraknommer | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Momentum sal die adviesfooi vir die herbelegging (waar van toepassing) as volg verdeel:

## 3.1. Finansiële adviseur se besonderhede

*Indien daar meer as een finansiële adviseur is, gee asseblief die diensadviseur se besonderhede eerste.

| Naam en van | Finansiële adviseurskode | FDV-naam | FDV-kode | Adviseursfooiverwysingsnommer | Fooiverdeling | Bemarkings-adviseur se kode |
|---|---|---|---|---|---|---|
| * | | | | | % | |
| | | | | | % | |
| | | | | | 100 % | |

**Diensadviseur se besonderhede**

Selfoonnommer + 2 7 (0) Ander + 2 7 (0)

E-posadres

## 3.2. FAT ("Fais") – Akkreditering van finansiële adviseur op tussengangervlak

Ek bevestig dat die lisensies hieronder aan my uitgereik is om dié finansiële diens volgens afdeling 7(3) van die Wet op Finansiële Advies en Tussengangersdienste (Fais), 37 van 2002 te bied: 37 of 2002:

**Langtermynversekeringskategorie 1**

1. Kategorie 1.3 - Langtermynversekeringsubkategorie B1
2. Kategorie 1.3 - Langtermynversekeringsubkategorie B1
3. Kategorie 1.5 - Kleinhandelpensioenvoordele
4. Kategorie 1.20 - Langtermynversekeringsubkategorie B2

## 3.3. Finansiële adviseur se verklaring

1. Ek het al die dokumente wat op dié belegging van toepassing is aan die fondslid voorgelê en verduidelik voordat dié vorm onderteken is.
2. Ek erken dat ek alle fooie, kostes en belasting wat op hierdie transaksie van toepassing is aan die fondslid verduidelik het.
3. Ek het die minimum openbaarmakingsdokumente (minimum disclosure documents of MDD in Engels, ook bekend as die fondsfeiteblaaie) wat van toepassing is, vir die fondslid gegee en verduidelik voor hierdie aansoek onderteken is.
4. My fooie, soos ooreengekom met die fondslid, is redelik, inaggenome die dienste wat die fondslid benodig, en ek sal dit op 'n deurlopende grondslag hersien.
5. Betaal asseblief my fooie maandeliks agterna. Momentum Metropolitan Lewens Beperk (Momentum) kan onmiddellik ophou om my fooie te betaal as die beleggingseienaar my mandaat kanselleer.
6. Ek het aan die fondslid verduidelik dat Momentum 'n standaard-beleggingsfonds (tans die Momentum Money Market Fund) gebruik vir sekere transaksies en gebeure. Ek bevestig dat ek verduidelik het dat die Momentum Money Market Fund 'n kollektiewe beleggingskema (effektetrust) is, en dat dit 'n risiko dra in die sin dat, hoewel onwaarskynlik, indien daar enige kapitaalverliese plaasvind, dit ook 'n verlies vir die fondslid sal wees.
7. Ek bevestig dat enige instruksie wat ek aan julle voorsien binne die beperkings van my mandaat, soos aan my toegestaan deur die fondslid, sal wees.

## 3.4. Finansiële adviseur se handtekening

**Ek het dié aansoekvorm, die bepalings, verklarings, minimum openbaarmakingsdokumente (of fondsfeiteblaaie) en gidse wat op dié aftreeproduk van toepassing is, noukeurig gelees en ek verstaan en aanvaar dit. Die inligting wat ek gee, is waar en korrek.**
**Ek het seker gemaak dat al die besonderhede van hierdie vorm voltooi is. Ek sal Momentum nie aanspreeklik hou vir enige verlies of skade as enigiemand dié vorm verander nadat ek dit onderteken het nie.**

Volle naam en van

Handtekening van finansiële adviseur

Datum D D M M J J J J

# 4: Verklaring deur die fondslid en bydraebetaler

## 4.1 Verklaring deur die fondslid

1. **Ek het dié aansoekvorm, die bepalings en verklarings wat op dié aftreeproduk van toepassing is, noukeurig gelees en ek verstaan en aanvaar dit. Die inligting wat ek gee, is waar en korrek. Ek het seker gemaak dat al die besonderhede van hierdie vorm voltooi is. Ek sal Momentum Metropolitan Lewens Beperk (Momentum) nie aanspreeklik hou vir enige verlies of skade as enigiemand dié vorm verander nadat ek dit onderteken het nie.**
2. Ek is daarvan bewus dat ek die terme en voorwaardes op die Momentum webtuiste by momentum.co.za kan kry, of dit by die kliëntekontaksentrum of my finansiële adviseur kan aanvra.
3. Ek weet ek moet in elke stadium van my belegging advies kry. Ek en my finansiële adviseur is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat ek alles wat op dié belegging betrekking het, kry en verstaan.
4. Ek weet my finansiële adviseur moet toepaslik geregistreer wees by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) voordat hy/sy advies gee, of besluite namens my neem.
5. Ek sal julle in kennis stel wanneer ek 'n ander finansiële adviseur of meer finansiële adviseurs aanstel of as die adviseursfooi of die vlak van advies wat ek ontvang, verander.

| Polis-/Kontraknommer | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

6. Ek verstaan en aanvaar al die fooie wat op my belegging betrekking het en gee julle opdrag om die ooreengekome fooie uit my belegging aan my finansiële adviseur te betaal.
7. My beleggingsbydrae is nie die opbrengs van enige misdaad nie, soos gedefinieer in die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, Nr. 21 van 1998, soos van tyd tot tyd gewysig.
8. Ek is daartoe in staat om my belegging deur professionele advies of op my eie te evalueer. Ek aanvaar die risiko's wat op dié belegging betrekking het as ek advies weier. Ek vrywaar Momentum en hul filiale indien ek verlies of skade ly as gevolg van my keuse om nie beleggingsadvies te kry nie.
9. Ek weet my belegging is onderworpe aan markrisiko en die waarde daarvan sal na gelang van markbewegings wissel. Ek verstaan ook dat beleggingsprestasie nie gewaarborg is nie.
10. Ek verstaan en stem in dat julle 'n standaard-beleggingskomponent (tans die Momentum Money Market Fund) vir sekere transaksies en beleggingsgebeurtenisse kan gebruik.
11. Ek verstaan en stem in tot alle tydraamwerke, sakepraktyke en administratiewe prosesse wat met my belegging verband hou.
12. Ek verstaan dat sou enige wet, reël of aanwysing verander, dit 'n effek op my belegging mag hê.
13. Ek verstaan en aanvaar die inkomstebelasting-implikasies van en op my belegging.
14. Ek sertifiseer hiermee dat ek bevestig en waarborg dat ek geen ander burgerskappe en wonings vir belastingdoeleindes besit, behalwe dié wat op hierdie aansoekvorm openbaar gemaak is nie. As dit verander, sal ek julle binne 30 dae skriftelik laat weet van die verandering.
15. Ek is daarvan bewus dat die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (Fica) van toepassing is en ek sal aan die vereistes daarvan voldoen.
16. Ek stem in dat julle my persoonlike inligting met Momentum Metropolitan Beherend Beperk, sy filiale en gekontrakteerde diensverskaffers mag deel om my belegging behoorlik te administreer en vir inligting oor finansiële welstand.
17. Ek sal julle laat weet van enige veranderinge in die besonderhede wat ek verskaf het.

## 4.2. Verklaring deur die bydraebetaler (van waar Momentum die herhalende bydraes sal verhaal – soos by afdeling 2)

1. Ek verklaar dat Momentum my besonderhede met my bank kan nagaan, en geld van hierdie bankrekening kan verhaal vir hierdie belegging.
2. Momentum kan my rekening debiteer op my gekose datum of op die volgende moontlike datum, indien julle dit nie op my gekose datum kon verhaal nie.
3. Ek bevestig dat ek vir dié bankrekening mag teken.
4. Ek sal Momentum inlig as ek my bankrekening verander.

## 4.3. Beskerming van persoonlike inligting

Momentum moet van elke kliënt relevante inligting insamel vir anti-geldwassery en die voorkoming van terroristefinansiering, vir belastingdoeleindes volgens die interregeringsooreenkoms ("die IGA") en vir die aanmelding van hierdie kliënte aan die Suid-Afrikaanse owerheid waar nodig.

Ons versamel ook persoonlike inligting om aan u die beste diens te lewer. U inligting word gebruik vir administratiewe, operasionele, oudit-, bemarkings-, navorsings-, wetlike, statutêre en rekordhoudingdoeleindes. Ons sal alle redelike stappe neem wat nodig is om die veiligheid van enige persoonlike inligting wat ons oor u bekom te beskerm en om dit teen ongemagtigde toegang te beveilig. Ons sal hierdie inligting nie buite Momentum, of sy verwante groepe of agente sonder u uitdruklike toestemming deel nie.

As u nie ons toestemming gee om u persoonlike inligting te gebruik nie, kan daar vertragings wees of sekere instruksies sal dalk nie uitgevoer word nie. U kan enige tyd toegang tot u inligting verkry en vra dat ons enige inligting wat in ons besit is, regstel. U is welkom om ons te kontak om 'n afskrif van hierdie inligting te kry waarvan kopieë vir 'n tydperk van vyf jaar of meer gehou sal word soos vereis deur die wet.

**Handtekening van fondslid**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Volle naam en van | | | |
| Geteken te | | Datum | D D M M J J J J |
| Handtekening van fondslid | | | |

**Handtekening van bydraebetaler (Voltooi slegs hierdie afdeling as die bydraebetaler iemand anders as die fondslid is.)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Volle naam en van of regspersoon | | | |
| Geteken te | | Kapasiteit van ondertekenaar indien nie bydraebetaler | |
| Datum | D D M M J J J J | | |
| Gemagtigde ondertekenaar | | Tweede handtekening (indien benodig) | |

# Kontakbesonderhede


**Kliëntekontaksentrum**

**Tradisioneel -** ShareCall: 0860 669 876, Telefoon: +27 (0)12 675 3056, E-pos: client@momentum.co.za

**Investo -** ShareCall: 0860 664 321, Telefoon: +27 (0)12 675 3034/24, E-pos: investo@momentum.co.za

Adres: Westlaan 268, Centurion, 0157, Pos: Posbus 7400, Centurion, 0046



**Momentum Metropolitan Lewens Beperk**

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer. Reg. nr. 1904/002186/06
Verwys na die maatskappye se webtuistes vir besonderhede oor die direkteurs en maatskappysekretaris momentum.co.za momentummetropolitan.co.za